29 Maart Oggenddiens

Tema: God se kinders maak ‘n plan – Teks Josua 2:1-9 en Josua 2: 12-21

Wet Matt 22:37-40

Votum: Hand 1:8

Seengroet: Ons groet mekaar vanoggend in die teenwoordigheid van ons Almagtige God, Sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees.

Lied 519:

Wees stil en weet Ek is die Heer

Ek spreek en wind en golwe bedaar

Ek sal ook jou getrou bewaar.

Wees stil en weet Ek is die Heer

Ek ken jou pyn, jou donkerste nag

Ek is by jou, Ek gee jou krag.

Wees stil en weet, EK is die Heer

Kom bring na My jou kommer en vrees

Ek sal vir jou ‘n toevlug wees.

Wees stil en weet, Ek is die Heer.

Bly waak en bid, Volhard in geloof

Ek is by jou soos Ek beloof.

Boodskap

Ons almal ken die gesegde – ‘n boer maak ‘n plan. Hy word gereeld gebruik en dit verwys na iemand wat baie vindingryk en kreatief is. Daar is dan ook die volgende een – ‘n engelsman maak ‘n plan, ‘n boer het reeds ‘n plan. Hierdie idiome gebruik ons gereeld, as ons sit met ‘n probleem of situasie, dan maak ons ‘n plan. Ons word so gemotiveer, van kleins af, sal jou ma vir jou sê maak ‘n plan, en dan wonder jy bedoel sy nou regtig of hoe? En so word dit oorgedra van generasie tot generasie.

Soms werk ons planne en dan is ons gemotifeerd en geinspireerd. Maar soms kry ons die verkeerde plan vir die probleem en dan moet ons weer dink en ‘n ander plan maak.

Maar dit is wat elkeen van ons so ongelooflik maak, ons vermoeë om dinge te verander rondom ons, ons vermoeë om planne te maak. En dit kom van die begin van tyd af. Ons is juis nou in ‘n tydperk in ons sawelewing waar elkeen juis ‘n plan moet maak raakende hul werk, kinders by

die huis en self winkel besoeke. Ons moet buite die boks dink aan manière om mekaar by te staan sonder aanraking.

God se Woord is vol verhale van mense wat ‘n plan gemaak het. Van klein Miriam tot Dawid, van Maria tot die seuntjie met die vissies en broodjies. Mense wat planne gemaak het en dinge rondom hulle verander het. Vanoggend gaan ons kyk na die plan wat ‘n vrou met die naam Ragab gemaak het.

Feite oor Ragab is die volgende : Sy was ‘n prostituut, haar beroep was in die Kanaanitiese samelewing aanvaarbaar. Maar Ragab het haarself moontlik geskaam oor haar lewenswyse, en dalk ook vasgevang gevoel, en gevoel sy het geen keuse nie. Maar hierdie gevoelens het haar ook gedwing om na ‘n beter lewe te smag. Wat ons moet verstaan is dat die omstandighede, die samelewing waarin sy geleef het was vol geweld en verdorwenheid, insluitend bloedskande. Die feit dat hierdie slegte dinge so algemeen en aanvaarbaar was grootsliks tewyte aan godsdiens, ‘n baie wrede godsdiens.

God of Jehovah soos hy bekend was, was nie blind vir hierdie nie. Maar Ragab was anders, sy het gehoor van Israel en hul God, en God was heeltemal anders as die Kanaanitiese gode. Hier was vir haar ‘n God wat vir sy volk geveg het, ‘n God wat vroue as kosbaar beskou het. Toe sy hoor dat Israel kamp opgeslaan het, was sy onsteld vir haar volk, maar sy het ook geweet wat sy nodig het. God het haar raakgesien, en sy het ‘n plan begin maak vir ‘n beter lewe.

Gebed en Lees Josua 2: 1-9

Josua seun van Nun het van Sittim af in die geheim twee verkenners uitgestuur en vir hulle gesê: “Gaan kyk die land deur, veral Jerigo.” Hulle is toe weg en het uitgekom by die huis van 'n prostituut met die naam Ragab en daar tuis gegaan. Die koning van Jerigo het berig gekry dat daar in die nag van die Israeliete af mense aangekom het om die land te verken, en hy het vir Ragab laat weet: “Lewer die manne uit wat na jou toe, na jou huis toe, gekom het. Hulle is hier om die land te verken.”

Die vrou het die twee manne weggesteek en vir die koning laat weet: “Daar het manne by my aangekom, maar ek weet nie waarvandaan hulle is nie. Hulle het met donker vertrek toe dit tyd was vir die stadspoort om te sluit, en ek weet nie waarheen hulle is nie. Maak gou en agtervolg hulle. Miskien haal u hulle in.”

Sy het die twee manne intussen op die dak laat klim en hulle weggesteek onder die vlasstoppels wat sy daar oopgesprei het. Die koning se manne het na die twee verkenners gaan soek op die pad na die Jordaan toe, in die driwwe se rigting. Nadat die agtervolgers weg is agter die verkenners aan, is die stadspoort gesluit. Voor die verkenners aan die slaap geraak het, is die vrou na hulle toe op die dak en het sy vir hulle gesê: “Ek weet die Here gee vir julle die land; ons is skrikbevange vir julle, al die inwoners van die land bewe van vrees vir julle.

En Josua 2:12-21

Ek het julle goed behandel. Lê dan nou vir my 'n eed voor die Here af dat julle my familie ook goed sal behandel, en gee my 'n betroubare aanduiding 13dat julle my pa en ma, my broers en susters en almal wat by hulle hoort, se lewens sal spaar en ons so van die dood sal red."14Toe sê die manne vir haar: "Ons staan met ons eie lewe in vir julle s'n. As julle nie oor ons praat nie en die Here gee ons die land, sal ons jou goed behandel en ons woord hou."

15Sy het hulle met 'n tou deur die venster laat afsak; haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy in die muur gewoon het. 16Haar woorde aan hulle was: "Gaan die berge in sodat die mense wat na julle soek, julle nie raakloop nie. Kruip drie dae daar weg tot hulle die soektog staak. Daarna kan julle julle koers gaan."

17Die manne het vir haar gesê: "Die eed wat jy ons laat aflê het, sal ons net bind 18as jy, wanneer ons die stad aanval, hierdie bloedrooi tou vasbind aan die venster waardeur jy ons laat afsak, en jou pa en ma, jou broers en jou hele familie by jou in die huis bymekaarhou. 19Enigeen wat by jou huis se deure uitgaan buitentoe, sal self vir sy dood verantwoordelik wees, nie ons nie. Ons hou ons verantwoordelik vir enigeen wat by jou in die huis is; daar sal nie 'n hand teen hom gelig word nie. 20En as jy oor ons praat, is ons nie gebind aan die eed wat jy ons laat aflê het nie."21Sy het gesê: "Laat dit wees soos julle gesê het," en sy het hulle laat gaan en hulle is weg. Sy het toe die bloedrooi tou aan die venster vasgebind.

Toepassing

Ragab was maar baie gewoont daaraan dat vreemde mans by haar deur kom staan, maar hierdie mans wou verblyf hê, nie haar dienste nie. Josua het hulle gestuur om te gaan verken, omdat hierdie moontlik die sterkste stad sou wees wat hulle sou aanval. Hulle het Ragab se huis gekies, omdat hier sou vreemdelinge nie aandag trek nie. Ragab was nuuskierig om van die God, Jehovah te leer, en dit het haar toeganklik gemaak. Sy het toe presies uitgevind wie hierdie manne is, en dit gesien as 'n geleentheid, omdat sy geweet het God, Jehovah sou haar 'n beter lewe kon gee.

En dan word die hele Boer maak 'n plan binne in Ragab wakker. Sy tree vindingryk en vining op. En steek die manne op die regte plek weg. En haar plan werk, regte plan vir die situasie. Ragab het dan ook belangrike feite deurgegee aan die spioene. Sy het geweet dat God sou die stad inneem en wen, daarom smeek sy dat haar en haar familie gespaar word.

Die spioene stem toe in, en later in Josua 6: 22-23 lees ons die eindverhaal van Ragab en haar gesin.

Ragab het net geweet en gehoor van God, sy het Hom nog nie eers persoonlik geken nie, maar haar geloof / of behoefte tot 'n beter lewe het by Israel respek gekry.

Hier is vandag baie mense wat soos Ragab is. Ons voel vasgevang in 'n lewenswyse wat ons van ons waardigheid en vreugde beroof; ons voel dat niemand ons raaksien nie en dat ons waardeloos is. Wat ons wel kan weet is dat God se Gees 'n rol gespeel het in die plan maak van Ragab.

Alhoewel sy nie God so goed geken het nie, het die Gees binne haar gewerk, want sy moes haar mense prysgee, maar omdat dit die regte ding was om te doen, het die Gees haar die krag gegee om dit te doen, al was dit moeilik. Ragab het geweet wie God was, en geweet sy kan ‘n beter lewe by God kry. God het haar, ‘n prostituut gebruik, en God kan jou ook gebruik.

Jy wat hier sit, weet wie God is, en jy kan weet hy wil hê jy moet ‘n plan maak vandag. ‘n Plan soos Ragab. By jou werkomstandighede, moet jy ‘n plan maak om dinge beter te maak. By jou gesin moet jy ‘n plan maak om dinge beter te maak, en by jou eie probleme moet jy ‘n plan maak om dit op te los.

Christene maak ‘n plan, Ragab maak ‘n plan, en jy kan ook ‘n plan maak.

Die lewensomstandighede waarin ons nou beweeg, om juis nie saam ander bymekaar te kom nie, om juis in jou huis te bly, hoef nie eensaam te wees nie. Ons moet ‘n plan maak om God se koninkryk juis te groei in hierdie tyd. As jy by mense kom, gebruik die woorde – God is met jou, dit sal vir hulle so baie beteken. As jy by jou huis is, bid vir elke dokter en verpleegster. As jy jou hande was, dink aan Jesus wat jou lewe skoon gewas het van sonde. Kom ons maak ‘n plan om steeds God se koninkryk te laat groei.

Slotgebed

Vader, God ons kom na U, ons woorde is min en ons vrese is baie. Maar soos Ragab wil ons U vra vir U wysheid en leiding in hierdie moeilike tyd. Ons bid dat U Heilige Gees ons sal lei om in hierdie tyd ‘n plan te maak om steeds u Koninkryk te vergroot en mense nader aan U te bring. Dankie vir U beskerming, vir U liefde en vir U omgee. Ons sal U loof en prys oral waar ons gaan. Amen.

Ragab se geloof het haar tot optrede beweeg, laat jou geloof jou ook tot optrede beweeg. Laat die Gees jou help om ‘n plan te maak .

Seenbede : Mag die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal

Amen